# BAIE WELKOM BY SUIDER-PAARL GEMEENTE

## 22 MAART 2026

### SUIDER-PAARL

08:00 & 09:30 Ferreira Marais
09:30 SPKIDZ
18:00 Aanddiens
Vicus Kruger

### KLAPMUTS

09:00 Theo Hay

## 29 MAART 2026

### SUIDER-PAARL
### PALMSONDAG

Geen 08:00 erediens
09:30 Theo Hay
Geen aanddiens

### KLAPMUTS

09:00 Vicus Kruger

Kom geniet `n heerlike koppie tee/koffie saam met ons na afloop van die eredienste in die Granaat.

## SP-KIDZ

**Gr 1:** Kinders leer speel-speel. Daarom hersien ons d.m.v. 'n "soek-die-regte-antwoord-speletjie" alles wat ons die afgelope jaar behandel het.

**Gr 2:** God is die Padmaker en ons die padverbruiker. ‘n Padmaker het altyd reëls sodat ons almal  wat die pad gebruik, veilig kan wees. Die Israeliete kamp by Sinaiberg en ontvang God se 10 liefdesreëls vir die pad vorentoe.

**Gr 3:** Die Gees van die Here lei vir Simson, een van die 12 rigters wat God gebruik. Is ons spesiaal omdat God se Gees in ons woon? Rig. 13-15.

**Gr 4:** Ps. 23 vertel ons dat die Here ons Koning-Herder is wat vir ons, sy skape, alles gee wat ons nodig het – ook om saam met Hom fees te vier.

**Gr 5:** Die dogters beleef weer ‘n stukkie van Ester se lewe en die seuns onderskei tussen: Is ek ‘n volger of ‘n toeskouer van Jesus.

**Gr 6:** Ons is nou aangetrek as Christus soldate, maar wat nou? Wie is ons bevelvoerder en wat is ons strategie? Is gebed ons oorlogsplan?

## AANDDIENS - 22 MAART 2026

Op **Sondagaand, 22 Maart om 18:00** gedurende die aanddiens, besoek ‘n skoolberader, Carina Jansen van Rensburg van Paarl Boys’ High ons.  Sy gaan met ons gesels oor die druk wat jongmense in hoërskole en in hulle lewens ervaar. Verseker ‘n praatjie om nie te mis nie.

# LYDENSWEEK

**PROGRAM VIR GROOT LYDENSWEEK**
**SONDAG, 29 MAART TOT DONDERDAG, 2 APRIL**

**Sondag 29 Maart - PALMSONDAG**
Erediens: 09:30 Theo Hay
Geen aanddiens

**Maandag tot Woensdag, 30 Maart tot 1 April**
Meditatiewe oordenkings: **18:30**
Theo Hay

**Donderdag, 2 April**
Kreatiewe Nagmaal vir gesinne: 18:30
Vicus Kruger



***Wat beteken Palmsondag vir ons as Christene en wanneer word dit gevier?***

Palmsondag word op die Christelike kalender gevier op die Sondag voor Paassondag gevier. Dit is die begin van die Groot Lydensweek wat lei tot Paasfees. Hierdie jaar vier ons dit op 29 Maart 2026.

Dit herdenk Jesus se triomfantlike intog in Jerusalem, waar die skare hom met palmblare verwelkom het. (Matteus 21/Markus 11/Lukas 19 en Johannes 12.)

# VERJAARSDAE

***22/03*** Marné Brönn
Elne du Plessis
Hanco Hanekom
Maans Lintvelt
Christiaan Marais
Theuns Nieuwoudt
Louwrens Pieterse
Viljoen Pieterse
Pieter Truter
Gys v/d Westhuizen
Braham van Rooyen

***23/03*** Lumari Carstens
Karlien Crafford
Jacky Diedericks
Nico Smit
Reynard Snetler
Ron v/d Merwe
Leana Viljoen
Alisa Visser
David Visser

***24/03*** Karla Ackermann
Lize Heunis
Pippa Jensen
Elzanne Kemp
Daniel Liebenberg
Hester Marais
Mia Olivier
Ansoné Stoffberg
Liam vd Westhuizen
Johan van Wyk

***25/03*** Sarine Barry
Pieter Basson
Barbara Grové
Jana Grové
Tanya Grové
Rita Lourens
Paul Myburgh
Noah van Zyl

***26/03*** Kamarétha Beckert
Maryke Botha
Johann du Plessis
Ragel Isaacs
Gert Koen
FJ Maritz
Letitia Matthys
Anneke Myburgh
Mila Viljoen
Stefan Wolfaardt

*Geniet 'n baie lekker dag!*

***27/03*** Annalizé Blake
Mariaan Booysens
Petro Cloete
Zané Flemix
Lizaan Koegelenberg
Kara le Roux
Helen Prins
Eugene Rens
Elzette Swart
Brandon Terblanche
Hannes vd Westhuyzen
Delicia Willemse

***28/03*** Sonja Barnard
Pieter Bezuidenhout
Leana Cronjé
Marius de Jager
Zandri de Kock
Hanna de Milander
Liezl de Swart
Marelie de Villiers
Sebastian de Wet
Keith Dreyer
Marie Enslin
Cora Hansen
Andrea Steyn
Robert Truter
Lean van Biljon
Carel vd Merwe
Hugo Visser
Suminé Vlok

# NUWE LIDMAATFUNKSIE

Ons nuwe lidmaatfunksie op Woensdagaand, 18 Maart was ‘n reuse-sukses.
Ons was bevoorreg om ‘n perfekte somersaand te beleef en ons kon lekker saamkuier en mekaar goed leer ken.
Baie dankie aan Louis en Lana Louw vir hulle gasvryheid, heerlike kos en pragtige venue.  **Picardie Gasteplaas** is ‘n lushof.
**Signs@Fynbos** het die mooi naamplakkers gedruk.  Baie dankie!
Dit word opreg waardeer.
Op **12 Augustus** bied ons weer ‘n nuwe lidmaatfunksie aan.
Indien jy dus ‘n nuwe lidmaat is en hierdie funksie gemis het, merk gerus genoemde datum.  Jy is genooi!








# BARNABAS-BEDIENING

Daar is 'n groot behoefte aan hulpmiddels vir siekes, verswakte persone asook mense in nood.
Hulpmiddels soos bv rolstoele, looprame, krukke, stortstoele, bedpanne, skaapvelletjies, beddegoed en selfs ringkussings sal help.
Noodsaaklikhede soos nie-bederfbare kos, volwasse doeke, en “bedliners” is groot behoeftes.
Tweedehandse klere, maar veral skoene (kleiner groottes) word ook waardeer.
Die kerkkantoor sal alles in ontvangs neem.
Kontak die kerkkantoor of vir Mia ( 082 323 3962)

# SP - WYNVEILING

## Ons jaarlikse wynveiling vind plaas op 11 Junie 2026.

Hierdie wynveiling word gehou ten bate van ons gemeente se gemeenskapswerk.

**Jy kan ons op die volgende maniere ondersteun:**

- **Indien jy die wynveiling wil bywoon, moet jy spring! Plekke is beperk.**
- Ons kort 'n paar interessante lotte soos spesiale wyne en onvergeetlike ervarings. Enige oorslaap-, jag-, eet- of ander ervarings sal wonderlike pryse wees.
- Ons maak onder andere 'n gesamentlike lot van verskillende bottels wyn bymekaar. As jy 'n goeie bottel wyn het wat wat ons kan bysit, sal dit opreg waardeer word.
- Indien jy wil help reël of help werk op die aand van die veiling, kan jy gerus laat weet.
- Kontak asb. vir Theo by 083 280 6184 of die kerkkantoor by 021 863 2700.

## Wil jy graag 'n bydrae maak vir ons wynveiling? Ons benodig produkte vir ons voorgeregtafel.

Biltong
Droëwors
Kouevleise
Spesialiteitskase
Botter (Nie margarien)

Spesialiteitsbrode
Konfyte
Patees
"Preserves"
Broodrolletjies

**Kontak gerus vir Benita vd Merwe 065 513 0901**

## WEEKLIKSE GEBEURE GEDURENDE DIE KWARTAAL

**DINSDAE OM 19:00 "Sitkamer" (Jong volwassenes)**

**WOENSDAE OM 05:30** Vrouegroep in losie

**DONDERDAE OM 09:30** Breigroep in moederskamer

**VRYDAE OM 05:30** Mannegroep in losie

**SONDAE OM 09:00** Gebedsgroep in gebedskamer

**KOFFIEKUIERS** 1x per kwartaal

## LIDMAATSKAP

* Wil jy aansluit as lidmaat?

*Twyfel jy of jou lidmaatskap al oorgedra is?

*Ontvang jy die weeklikse boodskappe?

* Is jy op een van die SP whatsappgroepe?

*Stel jy belang om op een van die SPKIDZ-groepe te wees?

***Vir enige navrae kontak asb. die kerkkantoor.***
***Telefoonnr: 021 863 2700***

***E-pos: info@suiderpaarl.co.za***

## MANIERE OM 'n DANKOFFER TE GEE

Suider-Paarl Gemeente
Snap here to pay
SnapScan

Elektroniese betaling: NG Gemeente Suider Paarl
ABSA Tak: 632005
Tjekno: 740 580 132
Per debietorder: (Reël met kerkkantoor)
Via snapscan

**NG GEMEENTE SUIDER-PAARL, COURTRAI PAARL, 7646**
**TELNO:** 021 863 2700
**E-POS:** info@suiderpaarl.co.za/www.suiderpaarl.co.za
**LERAARS:** André Kilian/ Danie Malan (Seniors)
Ferreira Marais/ Theo Hay/ Vicus Kruger (Jeug)

SUIDER-PAARL GEMEENTE

SUIDER-PAARL GEMEENTE